STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 123] PRETORIA, 5 SEPTEMBER 1975 [No. 4838]

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 213, 1975

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE WET OP REËLING VAN MONOPOLISTIESE TOESTANDE, 1955

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet van toepassing is op die Kommissie van Ondersoek na die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955, wat ek vandag benoem het.

Proklamasie No. 145 van 13 Junie 1975 word hierby herroep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade:

J. C. HEUNIS.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. 213, 1975

COMMISSION OF INQUIRY INTO THE REGULATION OF MONOPOLISTIC CONDITIONS ACT, 1955

Under and by virtue of the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of the said Act shall be applicable to the Commission of Inquiry into the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 which I have appointed today.

Proclamation No. 145 of 13 June 1975 is hereby withdrawn.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-sixth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. 1705 5 September 1975

OPDRAG

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

AAN:

SY EDELE DR. LUCAS CORNELIUS STEYN.
MNR. DANIËL VAN DER MERWE BENADÉ.
MNR. DIRK GYSBERT BRÄSLER.
MNR. SAMUEL EMDIN.
DR. DANIËL GERHARDUS FRANSZEN.
MNR. WILLIAM LANDSKROON MORRISON.
DR. DAVID JOHANNES MOUTON.
MNR. DENIS GEORGE PAXTON.
MNR. WILLEM STERNBERG PRETORIUS.
MNR. FRANCIS JAMES RIDSDALE.
DR. JOHANNES LEON WEYERS.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF COMMERCE

No. 1705 5 September 1975

COMMISSION

by the State President of the Republic of South Africa

TO:

DR THE HONOURABLE LUCAS CORNELIUS STEYN.
MR DANIËL VAN DER MERWE BENADÉ.
MR DIRK GYSBERT BRÄSLER.
MR SAMUEL EMDIN.
DR DANIËL GERHARDUS FRANSZEN.
MR WILLIAM LANDSKROON MORRISON.
DR DAVID JOHANNES MOUTON.
MR DENIS GEORGE PAXTON.
MR WILLEM STERNBERG PRETORIUS.
MR FRANCIS JAMES RIDSDALE.
DR JOHANNES LEON WEYERS.

SALUUT!

Nademaal ek dit dienstig ag om 'n kommissie aan te stel om ondersoek in te stel na, verslag te doen oor en aanbevelings voor te lê met betrekking tot die wysiging van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet 24 van 1955), soos hieronder vermeld;

So is dit dat ek, aangesien ek groot vertroue in u kennis, oordeel en bekwaamheid stel, u hierby magtig en aanstel as lede van 'n kommissie, en u, dr. Lucas Cornelius Steyn, as Voorsitter, om ondersoek in te stel na, en verslag te doen oor—

(a) die neiging tot die vorming van ekonomiese magskonsentrasies in die Republiek van Suid-Afrika deur amalgamasie of oorname of op enige ander wyse hoe ook al, met inbegrip van konsentrasies wat nie mededinging regstreeks of onregstreeks beperk nie;

(b) die voor- en nadele van sodanige magskonsentrasies gesien vanuit die oogpunt van die openbare belang;

(c) die doelmatigheid van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet 24 van 1955), as 'n instrument wat mededinging in die volkshuishouding kan verseker; en

(d) die wetgewing wat nodig geag word om ekonomiese magskonsentrasies en enige beperkings op mededinging wat nie in die openbare belang geregverdig is nie, uit te skakel;

en om aanbevelings te verstrek in verband met die wysiging van die Wet;

En ek vereis hierby dat u so gou as moontlik aan my oor voormelde aangeleenthede verslag moet doen;

En ten einde u beter in staat en in die geleentheid te stel om die doeleindes van hierdie opdrag van my te bereik, gee en verleen ek hierby aan u volle bevoegdheid en gesag om alle persone te ondervra wat, na u mening, nodig is om u beter in te lig oor die aangeleenthede wat hierby aan u ter oorweging voorgelê word, en oor enige aangeleentheid wat daarmee in verband staan; om alle boeke, dokumente, stukke en registers van die Regering wat u nodig ag en wat inligting kan bevat oor die onderwerpe van hierdie ondersoek. op te vra, insae daarin te verkry, te ondersoek en uittreksels daaruit te maak; en om op enige ander wettige wyse ondersoek in te stel na die onderwerpe van die ondersoek;

En ek herroep hierby die opdrag wat by Proklamasie 144 van 13 Junie 1975 afgekondig is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. C. HEUNIS.

GREETINGS!

Whereas I deem it expedient to appoint a commission to inquire into, to report on, and to submit recommendations regarding the amendment of the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 (Act 24 of 1955), as mentioned hereinafter;

Now, therefore, by reason of the great trust which I repose in your knowledge, judgement and ability, I do by these presents authorise and appoint you to be members of a commission, and you, Dr Lucas Cornelius Steyn, to be Chairman, to inquire into and to report upon—

(a) the tendency towards the forming of economic power concentrations in the Republic of South Africa by merger or take-over or in any other way whatsoever, including concentrations not directly or indirectly restricting competition;

(b) the advantages and disadvantages of such power concentrations viewed from the angle of the public interest;

(c) the efficacy of the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 (Act 24 of 1955), as an instrument to ensure competition in the national economy; and

(d) the legislation which is considered necessary to eliminate economic power concentrations and any restrictions of competition not justified in the public interest;

and to submit recommendations as to the amendment of the Act;

And I hereby require you to report to me on the matters as mentioned hereinbefore as soon as possible;

And, in order that you may be better able and in a position to achieve the purposes of this my commission, I hereby give and grant you full power and authority to interrogate all such persons as you may deem necessary to interrogate in order that you may be better informed with regard to the matters hereby submitted to you for consideration, and with regard to any matter related thereto; to call for, to have access to, to obtain, to inspect and to make extracts from any such books, documents, papers and registers of the Government as you may consider necessary and as may contain information on the subjects of this inquiry; and to conduct investigations into the subjects of this inquiry in any other authorised manner;

And I hereby repeal the Commission promulgated by Proclamation 144 of 13 June 1975.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-sixth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

INHOUD

No. *Bladsy*

PROKLAMASIE

213. Kommissie van Ondersoek na die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 ... 1

Handel, Departement van

Goewermentskennisgewing

1705. Opdrag ... 1

CONTENTS

No. *Page*

PROCLAMATION

213. Commission of Inquiry into the Regulation of Monopolistic Conditions, 1955 ... 1

Commerce, Department of

Government Notice

1705. Commission ... 1

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001